



DIE HEMELSE HEILIGDOM

EN DIE ONDERSOEKENDE OORDEEL

Vir Die Moderne Wêreld

Timothy R. Jennings

Die Agtergrond

Die Sewendedag-Adventiste (SDA) Kerk was in die lewe geroep nie net in geloof op die naderende Wederkoms van Jesus nie, maar die Kerk het ook ‘n spesiale sending om ‘n spesifieke boodskap na die wêreld te neem om, as deel daarvan, die wêreld voor te berei vir die Tweede Koms van Christus.

God se waarheid verander nooit, maar die aanbieding daarvan pas aan en bevorder dit om effektief vir al die verskillende geslagte en kulture te wees. Die SDA-kerk is geseën met ‘n pragtige boodskap vir elke volk, nasie en kultuur van die wêreld. In hierdie dokument word tydlose waarhede aangebied in die taal van die moderne wêreld, wat deur denominasionele en kultuurgrense dring.

Die Oorlog

Inhoud

Die Agtergrond 1

Die Oorlog 1

Satan se Kern-leuen 2

Die Hemelse Rekords 2

Die Bestemming van die Dooies 3

Die Wolkbedieners 4

Die Skoonmaak van die Rekords 4

Die Belangrikheid van 1844 6

Die Klein Horinkie se Aanval 7

Die Versoening 8

Die Vyf Wettiese Maagde 9

Die Laaste Groot Stryd 9

Die Bloed Metafoor 10

Die Huidige Waarheid toegepas 10

Addendum 1: 11

Addendum 2: 16

Addendum 3: 16

Addendum 4: 17

Lys van afkortings 20

Outeur Timothy R. Jennings, MD, DFAPA

Uitgewer Come And Reason Ministries

Redakteur Mirra Huber

Vertaler Lettie Steyn

Proeflesers René Winter, Jacques van den Heever

Uitleg & Ontwerp Dean A. Scott, mfa

Webwerf comeandreason.com

Fotos Shutterstock.com en public domain

Buiteblad illustrasie deur Louis Johnson

Die Skrif openbaar die kosmiese konflik wat tussen goed en kwaad gevoer word; dis ‘n oorlog van idees, wat sentreer rondom die waarheid oor God:

“Natuurlik leef ons in ‘n menslike liggaam, maar ons **voer** nie die **stryd** met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat **teen die kennis van God** gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.” (2Kor 10:3-5 AFR83).

As ons leuens van die vader van die leuens aanvaar, dan verbreek ons ons vertroue in God en rebelleer ons in sondigheid. As ons die waarheid aanvaar soos in Jesus, dan word ons gewen sodat ons harte vertrou en oopmaak vir die inwoning van die Heilige



Gees om ons te reinig, te genees en te herstel tot God se volmaaktheid.

Satan se Kern-leuen

Die SDA-kerk is geroep om die Protestantse Hervorming voort te sit, deur mense te konfronteer en hulle daarvan vry te maak om Satan se misleiding, wat die Christendom besmet het, te glo. Hierdie kernmisleiding is dat:

God se wet funksioneer soos menslike wette – imperiale, opgelegde wette en reëls wat regterlike toesig en eksterne wetlike / strafregtelike handhawing vereis,

maar die Skrif leer dat

God se wette is ontwerp wette – die protokolle waarop lewe, gesondheid en werklikheid gebou is (swaartekrag, termodinamika; gesondheidswette; die wet van liefde, vryheid, aanbidding, ens.) – wat ‘n uitdrukking is van God se karakter van liefde, want dit is ontwerp tot die voordeel en gesondheid van sy hele skepping. Maar afwykings van God se ontwerp wette beskadig en vernietig diegene wat sy wette verbreek – sonder dat eksterne regstoepassing of straf vereis word.

Lees Addendum 1 (aan die einde van hierdie dokument), wat ‘n diepte-uiteensetting bevat om u vertrou te maak met die verskil tussen ontwerp wette en imperiale, opgelegde menslike wet-konsepte en hoe die Christendom besmet geraak het met die menslike wet-konstruksie. Dit is die basis vir die verstaan van die res van hierdie artikel.

“...voordat ons kan ondersoek wat in die hemelse heiligdom gebeur, moet ons dus eers die aard van die hemelse rekords en die drieledige aard van die mensdom verstaan.

Die Hemelse Rekords

Die manier waarop ons die wet van God (as ontwerp wette of opgelegde wet) beskou, bepaal hoe ons wesenlik elke Christelike leer verstaan, en uiteindelik hoe ons die karakter en regering van God verstaan. Ons siening van die wet beïnvloed dus ons siening van die hemelse rekords en gebeurte wat in die hemelse heiligdom plaasvind.

Voordat ons kan ondersoek wat in die hemelse heiligdom gebeur, moet ons dus eers die aard van die *hemelse rekords* en die *drieledige aard van die mensdom* verstaan.

Die siening dat God se wet soos menslike wette funksioneer (opgelegde reëls) lei tot gevolgtrekkings soos:

- Die rekords in die hemel is regs dokumente wat opgetekende lyste van slegte daade (sondes) bevat;
- Die sondes (historiese daade van kwaad) word opgeteken in die boeke in die hemel binne die heiligdom, en hierdie lyste van sondes besoedel die heiligdom;
- Reiniging van die heiligdom is die verwydering van die opgeskrewe lyste van sondes van die regverdige uit die boeke in die hemel.

Maar as ons hierdie leerstelling deur die lens van die ontwerp wette beskou – dat God se wette die protokolle is waarop die Skepper die werklikheid gebou het om te funksioneer – dan word iets baie meer diepgaande verstaan.

Met die oog op die ontwerp wette, wat is die hemelse rekords, en wat word werklik daarin opgeteken? Glo ons dat daar boekrolle in die hemel is, gemaak van lamsvel of perkament, met handgeskrewe lyste van sondes; of miskien gedrukte boeke met gom- of gestikte binding, gevul met lang lyste van bose daade? Of is die Bybel taal van “boeke” en “rekords” ‘n metafoor vir ‘n soort opname- of data-stoorstelsel? En as dit ‘n data-bergingstelsel is, wat word daarin gestoor?

Ellen G White (EGW) het die volgende geskryf oor wat eintlik in die hemelse rekords opgeteken is:

“Onthou, **u karakter word daguerreo-getipeer** [gefotografeer] **deur die groot Meester-Kunstenaar in die rekordboeke van die hemel**, net so fyn soos die gesig word dit weergegee op die gepoleerde plaat van die kunstenaar. Wat sê die boeke van die hemel in u geval? Pas u u karakter aan by die

patroon Jesus Christus? Was jy jou klere van karakter en maak dit wit in die bloed van die Lam?” (TSB 62.1)

“Elke uur wat verbygaan van die hede is besig om ons toekomstige lewe te vorm. Hierdie oomblikke wat ons spandeer in onverskilligheid, in selfgenoegsaamheid, asof dit van geen waarde is nie, is besig om ons ewige bestemming te bepaal. **Vandag se daade, word oorgedra na die boeke van die hemel, net soos die kenmerke deur die kunstenaar op die gepoleerde plaat.** Herdie daade bepaal ons bestemming vir die ewigheid – vir die saligheid of vir ewige verlies en pynlike berou. **Karakter kan nie verander word wanneer Christus kom nie, en ook nie wanneer ‘n mens op die punt staan om te sterf nie. Karakterbou moet in hierdie lewe gedoen word.**” (TM 429.3)

Is dit moontlik dat dit wat in die hemelse rekords gestoor word, die individualiteit van mense is – die presiese besonderhede van wat hulle spesifieke en unieke persoonlikheid en karakter uitmaak – en nie ‘n lys met net slegte gedrag nie?

Aangesien die ondersoekende oordeel oor die dooies handel – benewens tot die lewendes – moet ons eers ondersoek wat met die dooies gebeur met betrekking tot God se rekordhouding.

Die Bestemming van die Dooies

Het u al oorweeg waarheen mense gaan wanneer hulle sterf? Keer hulle terug tot stof? Gaan hulle na God toe? Gaan hulle hemel toe? Of doen hulle al drie?

Volgens die Bybel bestaan mense uit drie dele: “Mag die God van vrede julle volkome aan Hom toewy. Ja, mag God julle so bewaar dat julle na **gees, siel** en **liggaam** volkome vlekkeloos sal wees wanneer ons Here Jesus Christus terugkom.” (1Thes 5:23 NLV). Is dit moontlik dat een deel van die mens by die dood na stof terugkeer, een deel na God gaan, en een deel hemel toe gaan?

Interessant genoeg bestaan rekenaars ook uit drie dele en dien as ‘n treffende illustrasie. Om ‘n **bedryfsrekenaar** te hê, is **hardeware, sagteware** en ‘n **energiebron** nodig. As u slegs twee van hierdie drie dele op ‘n rekenaar het sal dit nie kan werk nie. Al drie is nodig vir suksesvolle funksionering.

Op ‘n soortgelyke manier, om ‘n **operasionele** (funksionerende) mens te hê, vereis dit al drie komponente – **liggaam, siel** en **gees**:

“Waarom is dit dat die doodmaak van die liggaam nie die siel kan vernietig nie? Omdat die siel ons psige is, ons individualiteit, ons unieke persoonlikheid en dit is apart van die liggaam.



- Die Griekse woord vir **liggaam** is σῶμα [soma] en stem ooreen met ‘n rekenaar se **hardeware** – die fisiese masjien, insluitend ons brein.

- Die Griekse woord vir **siel** is ψυχή [psuche], waaruit ons psige kry, soos in *psigiatrie* en *sielkunde*, en dit beteken ons individualiteit – ons hart, unieke persoonlikheid, karakter, identiteit.¹ Dit is soortgelyk aan die **sagteware** van die rekenaar (insluitend databasis / datastelle / data).

- En die Griekse woord vir **gees** is πνεῦμα [pneuma], waaruit ons longontsteking of lugdruk kry, en dit beteken wind, lug of asem – soos in die asem van die lewe. Dit is ons energiebron – die lewensenergie wat van God afkomstig is.

As ‘n rekenaar nie meer krag het nie, in watter toestand gaan dit dan in? Dit slaap. Dit is presies hoe die Bybel diegene beskryf wat die eerste dood sterf: hulle slaap en wag op die opstanding (sien Ps 7:5, 13:4; Matt 9:24; Joh 11:12-13; 1Thes 4:13). Met hierdie in gedagte kan ons dus sien wat eintlik met die verskillende komponente van ‘n mens by die dood gebeur.

By die eerste dood,

- die liggaam keer terug na stof (sien Gen 3:19, Ps 44:25, Pred 3:20);
- die gees – lewensenergie – keer terug na God wat die asem van die lewe gegee het (sien Pred 12:7);

¹ Die gebruik van die term siel kan verwarrend wees, want soms verwys die begrip siel na die hele lewende wese. As iemand ‘n SOS uitstuur (save our souls), vra hulle dat hulle hele lewe gered moet word. In hierdie artikel is die siel, soos daar in 1Thes 5:23 na verwys word, nie die hele lewende persoon nie, maar een (die psuche / individualiteit) van die drie komponente wat die hele mens uitmaak.

in stase en wag op aflaai van nuwe liggame (hardeware) tydens die opstanding. Die apostel Paulus beskryf hierdie proses presies:

“Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die **ontslapenes** nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterf en opgestaan het, dan sal **God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.** Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal, met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en **die wat in Christus gesterf het, sal eers opstaan.** Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.” (1Thes 4:13-18 AFR53)

Het u opgelet dat dieselfde regverdige dooies wat uit die aarde opstaan ook saam met Christus uit die hemel neerdaal, en dat dit beskryf word dat hulle uit die hemel kom in ‘n slaaptoestand? Hoe kan dit wees? Omdat hulle siele / individualiteite / sagteware, wat op die hemelse “bedieners” gestoor word, saam met Christus neerdaal om tydens die wederkoms in hul nuwe onsterflike liggame afgelaai te word! Jesus, die bouer van ons drie-ledige wesens, het dit verstaan en verkondig:

“Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.” (Joh 11:25,26 AFR53)

Die regverdige kan *slaap*, maar hulle *sterf* nooit. Hulle individualiteite is veilig by Christus in die hemel!²

Die Skoonmaak van die Rekords

Wat het die hemelse rekords (individualiteite wat op “bedieners” gestoor is) te doen met die ondersoekende oordeel en die verwydering van sondes uit die heiligdom in die hemel?

Wanneer Jesus die regverdiges by die eerste opstanding opwek, sal hulle gebrekkig en sondig, of volmaak en sondeloos wees? Dit is duidelik dat hulle volmaak en sondeloos is. Het al die gereddes wat deur die geskiedenis gesterf het egter in perfekte sondeloosheid gesterf, of het hulle gesterf as sondaars wat Jesus liefgehad en Hom vertrou het vir hul verlossing en tog met hul swakhede in gesukkel het?

Sal hulle opstaan met dieselfde gebreke? Sal die dief aan die kruis, wat verlossing in Christus gevind het, opstaan met die hart van ‘n dief wat verlang om te steel? Sal die groot hervormer Martin Luther, wat die Jode gehaat het, opstaan met dieselfde haat en moord in sy hart? Glad en geheel nie! Die regverdige word opgewek in sondelose volmaaktheid.

Daarom moet iets **voor** hierdie opstanding in hierdie geredde siele gebeur, sodat op die oomblik van die opstanding, hul

² Hierdie artikel spreek nie die lot van die onberouvolle goddelose aan nie. Niks in hierdie artikel spreek tot die sterflikheid of onsterflikheid van die siel nie – dit is ‘n ander bespreking. Dit is egter die skrywer se posisie dat die siel sterflik is en die onsterflikheid ‘n geskenk van God is vir die gereddes (sien Rom 6:23).

vorige bose gewoontes, selfsugtige aard, verslawende neigings en begeerlikhede sal verdwyn. Moet al die oorblyfsels van sonde nie verwyder word nie?

Ons kan hierdie proses beskryf as ‘n genesing, reiniging of verwydering van sondes. En van waar word hierdie sondes verwyder? Van die individualiteite / siele van die slapende mense wat op Jesus vertrou. Hulle ontvang van Jesus Sy volmaaktheid, sodat hulle, as hulle opstaan, vervolmaak word! EGW beskryf dit so:

“Ons glo vas dat Christus binnekort sal kom. Dit is vir ons nie ‘n fabel nie; dit is ‘n werklikheid. **Wanneer Hy kom, moet Hy ons nie van ons sondes reinig, of die gebreke in ons karakters verwyder of van die swakheid van ons humeure en neigings genees nie. As daar hoegenaamd iets vir ons gedoen moet word, sal hierdie werk voor die tyd gedoen word.**” (CCh 214.4)

Benewens die metafoor van rekords, gebruik die Bybel ‘n ander metafoor vir die bewaring van die individualiteite van die regverdiges – die hemelse heiligdom! (sien Ef 2:19-22; 1Pet 2:5; 2Kor 5:1). Hierdie reiniging van die individualiteite / siele van die dooies word in Openbaring beskryf, met behulp van pragtige simboliek:

“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar [in die heiligdom] die siele [individualiteite] van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met ‘n groot stem uitgeroep en gesê, “Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?” En aan elkeen van hulle is wit klere gegee [die reiniging van hul karakters op daardie tyd], en aan hulle is gesê dat hulle nog ‘n klein tydjie moes rus totdat ook hulle mede-diensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees [reiniging van die lewendes nog op aarde].” (Open 6:9-11 AFR53), beklemtoning en verduidelikende notas tussen hakies)

Ons kan dus die proses van verwydering van sondes beskryf as die reiniging van die heiligdom. Ons kan sê dat

Jesus, ons hemelse Hoëpriester, besig is om elke individuele rekord noukeurig te ondersoek en te ontleed, en vir almal wat op Hom vertrou, verwyder Hy die sondes uit hul rekening/individualiteit;

wat in moderne taal beteken:

Hy ondersoek die gestoorde gegewens wat elke persoon uitmaak, en vir diegene wat Hom vertrou, korrigeer Hy alle beskadigde kodes – verwyder alle elemente van selfsug, alle neigings tot sonde, en skryf sy eie volmaaktheid daarin!

Hierdie reinigingsproses kan vertoon en geleer word in ‘n regte teater – in simbole – as ‘n dag waarin die Hoëpriester die volk tot ‘n perfekte eenheid met God bring. Ons kan dit die *Versoendag* noem wat simbolies opgevoer word deur die sewevoudige aanwending van Jesus se bloed (sewe is die nommer vir voltooiing of volmaaktheid, en bloed is die simbool vir the perfekte, sondelose lewe van Jesus). Dit is presies wat op die Versoendag uitgevoer was, en dit is wat die heiliges bely wat Jesus vir hulle gedoen het (sien Lev 16:14; Open 1:5).

Dit is waarom die wet, in die seremoniële stelsel, in die ark in die Allerheiligste was, waar daar versoening gebeur; maar in die Nuwe Verbond word die wet deur ons Hoëpriester in die harte en gedagtes van die gereddes geskryf (sien Heb 8:10). EGW beskryf die objekles van die tempel soos volg:

“**In die reiniging van die tempel** het Jesus Sy sending aangekondig as die Messias, en Sy werk aanvaar. Die tempel, opgerig vir die goddelike teenwoordigheid, was bedoel as aanskouelike les vir Israel en vir die wereld. Van die voortyd af was dit Gods doel dat **elke geskape wese, van die heilige serafs tot die mens, n tempel moet wees vir die inwoning van die Skepper. Ten gevolge van die sonde het die mens opgehou om Gods tempel te wees.** Verduister en besoedel deur die sonde, het die hart van die mens nie langer die heerlijkheid van God geopenbaar nie. Maar deur die vleeswording van die Seun van God, is die doel van die Hemel verwesenlik. God woon in die mensheid, en deur Sy reddende genade word **die hart van die mens weer Sy tempel.** Dit was Gods doel dat die tempel te Jerusalem n gedurige getuie sou wees van die hoë **roeping wat daar vir elke siel moontlik is.** Maar die Jode het nie die betekenis verstaan van die gebou wat hulle met soveel trots betrag het nie. Hulle het hulle nie oorgegee as heilige tempels van die goddelike Gees nie. Die voorhowe van die **tempel** te Jerusalem, gevul met die rumoer van onheilige handel, was ‘n ware voorstelling **van die menslike hart,**

besoedel met die teenwoordigheid van vleeslikheid en onreine gedagtes. **In die reiniging van die tempel van die wereldse kopers en verkopers, het Jesus Sy werk aangekondig van die reiniging van die hart van die besoedeling van die sonde – van die aardse begeertes, die vleeslike welluste, en die sondige gewoontes wat die siel besmet.** “Dan sal skielik na Sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle ‘n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskaar. Maar wie kan die dag van Sy koms verdra? En wie sal standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die seep van die wassers. En Hy sal sit: ‘n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en silwer.” Mal. 3: 1-3.” (KE 157.2)

Die “reiniging van die heiligdom” is die reiniging van siele / individualiteite, en EGW verbind hierdie reiniging van die tempel / heiligdom direk aan Maleagi 3:1-3. Dit is van kritieke belang, omdat Maleagi 3:1-3 dieselfde gebeurtenis beskryf as die in Daniël 8:14, wat in 1844 begin het.



“Hy ondersoek die gestoorde gegewens wat elke persoon uitmaak, en vir diegene wat Hom vertrou, korrigeer Hy alle beskadigde kodes – verwyder alle elemente van selfsug, alle neigings tot sonde, en skryf sy eie volmaaktheid daarin!

“**Die koms van Christus as ons Hoëpriester na die Allerheiligste plek vir die reiniging van die heiligdom, soos in Daniel 8: 14 verklaar;** die koms van die Seun van die mens na die Oue van dae, soos in Daniel 7: 13 geopenbaar; **en die koms van die Here na Sy tempel, soos voorspel deur Maleagi,** is beskrywings van dieselfde gebeurtenis; en dit is ook voorgestel deur die koms van die bruidegom soos deur Christus beskryf in die gelykenis van die tien jongmeisies in Mattheus 25.” (GS 486.2)

Die Belangrikheid van 1844

In 1844 verskuif Christus die fokus van sy werk om uitsluitlik mense te wen om op Hom te vertrou, na die finale verwydering van alle gebreke uit die siel / databasis van elke individu wat gesterf en op Hom vertrou het, sodat met die opstanding elke heilige in totale volmaaktheid van siel, liggaam en gees sal opstaan. Hy is egter net in staat om dit te doen vir diegene wat Hom die sleutel tot hul harte / siele / databasisse gegee het – diegene wat vertrou in Hom gehad het voor hulle slaap in die dood. Dit bied aan Hom die vryheid om toegang tot alle oorblywende spore van sonde te bekom en te herstel, van die gestoorde individualiteite van diegene wat Hom vertrou.³ Maar vir diegene wat nooit in hierdie lewe hul harte vir Hom oopgemaak, of Hom uitgenooi het nie, kan Hy niks doen nie. Hy kan nie ‘vertroue en liefde’ in hul karakter inskryf, sonder dat hulle toestemming en ‘n begeerte daarvoor gehad het nie. Vertroue en liefde moet deur die individu gekies en ontwikkel word tydens sy / haar lewe.

Stel u die volgende scenario voor: U vertrou u dokter, en terwyl u aan die slaap is (onder narkose), doen u dokter ‘n operasie om kankerselle uit u liggaam te verwyder. Maar wat as ‘n dokter ‘n operasie op u uitgevoer het wat u nooit wou gehad het nie, en sonder u toestemming of teen u wil? Dit is ‘n analogie van die rede

³ Die beskrywing van Paulus in 1Kor 15 van die sterflike wat in onsterflikheid, en die verganklike wat binne ‘n oomblik in onverganklikheid verander word, praat spesifiek oor die liggaam; dit spreek nie die siel / individualiteit aan nie.

waarom Jesus nie die datastelle / karakters kan regstel van diegene wat Hom nie vertrou nie. Dit sou inbreuk maak op God se eie liefdeskarakter wat ware vryheid verg; dit sou die vrywilligheid van die individuele sondaar oortree; en as Hy hul vrywillige keuses oorskryf het en dan sy ontwerp aan hulle oplê sonder hul toestemming, sou die individualiteit wat hulle ontwikkel het, vernietig word, en ‘n nuwe persoon in hul plek geskep word. Dus is dit slegs diegene wat op Jesus vertrou en oorwinning verlang oor hul swakhede en gebreke van karakter, en *Hom in hul harte innooi* terwyl hulle leef, wat sy volmaakte werk ervaar terwyl hulle slaap.

Tydens die ondersoekende oordeel word die harte en gedagtes van Gods volk ondersoek en gereinig van sondigheid om hulle voor te berei om Hom van aangesig tot aangesig te ontmoet.

Deur die opstanding van die ongereddes te beskryf, bevestig EGW dat hulle harte en gedagtes *nie* verander word terwyl hulle slaap nie. Terwyl die goddelose Christus verwerp het, kan Hy niks vir hulle doen nie, en as hulle opstaan, bly hul denkpatrone ongeneeslik.

“Toe hulle [die ongereddes] uit hulle grafes gekom het, **het hulle weer hulle gedagtegang hervat waar dit deur die dood afgebreek is. Hulle is nog besiel met dieselfde oorlogsgeses as toe hulle geval het.**” (EG 293.1)

Die goddeloses het nie hul slegte begeertes of selfsugtige denkpatrone laat reinig – soos die regverdiges – nie, daarom kom hulle uit die graf steeds besmet met sondigheid.

Maar waarom wag tot 1844 om met hierdie finale werk te begin? Omdat Jesus nie net die individualiteite van die dode wat slaap moet vervolmaak wat op Hom vertrou het nie, moet Hy ook dieselfde doen vir diegene wat nog op die aarde lewe ten tyde van sy wederkoms. ‘n Oneindige God kan individualiteite / datastelle onmiddellik regstel. Dit was dus nie nodig om Jesus soveel tyd te gee om rekords van die oorledenes skoon te maak, dat hierdie werk eers in 1844 begin het nie. Dit was omdat Satan die werk van Jesus teëstaan en die Christendom met sy leuens oor God infekteer. God het vooruit geweet dat dit eers in 1844 sou wees dat genoeg waarheid herwin sou word om die leuens te verwerp en na die aanbidding van ons Skepper God terug te keer.

Om die lewendes te reinig, moes die waarheid oor ons Skepper God en sy ontwerp-wet van liefde herwin word sodat die finale boodskap kan uitgaan om die wêreld te verlig en die leuens oor God weerlê kan word, sodat daar ‘n volk op aarde voorbereid sal wees om die boodskap oor God se karakter van liefde aan die hele wêreld oor te dra.

Jesus moet nie net die individualiteite vervolmaak van diegene wat in die dood slaap, wat op Hom vertrou het nie, maar Hy moet ook dieselfde doen vir diegene wat nog op die aarde lewe ten tyde van sy wederkoms. Dit beteken dat Hy ‘n volk nodig het wat die waarheid

“Om die lewendes te reinig, moes die waarheid oor ons Skepper God en sy ontwerp-wet van liefde herwin word...



genoegsaam begryp het om die leuens oor God uit hul gedagtes te verdryf en die transformasie van hul individualiteite / siele te ervaar. Weens Satan se teenaanval op Christus se werk aan die kruis, was dit eers in 1844 dat mense op aarde gereed was om met hierdie finale voorbereiding te begin.

Die Klein Horinkie se Aanval

Na Christus se oorwinning aan die kruis, voer Satan se *man van sonde* – die mag van die klein horing, soos Paulus en Daniël hom beskryf – oorlog teen die mense van God deur die waarheid oor God aan te val. Hierdie bose mag bevorder sy aanslag op God se karakter deur mense se persepsie van die wet van God te verander – dit vervang die waarheid van God se ontwerpwet met die leuen van die menslike wet. Hierdie kleinhorinkie-mag – man van sonde – sit homself daardeur in die tempel van God en verklaar homself as God (sien Dan 7:25; 2 Kor. 10: 3-5; 2Th 2:4), deur mense te laat dink aan God as ‘n outoritêre diktator van reëls, wat, om regverdig te wees, sy mag moet gebruik om onberouvolle mense te straf en te dood. Hierdie kleinhorinkie-mag wen die

oorlog van idees deur die harte en gedagtes van mense te vul met oorheersende, diktatoriale sienings van God totdat die Oue van Dae kom en die oordeel / onderskeiding aan die heiliges gee. (sien Dan 7: 22).

God het in die toekoms gesien, en vir sy vriend Daniel gesê dat daar nog 490 jaar vir die Joodse volk oorbly om die kanaal te wees waardeur die Messias sou kom. In die middel van die laaste week van hul sending, sal die Messias die seremoniële stelsel kom beëindig, en Hy sal die oplossing bied vir die verlossing van die mens (sien Dan 9: 24-27). Maar die mag van die klein horinkie sal ontstaan na die oorwinning van Christus aan die kruis, en dit sal teen die heiliges veg totdat daar ‘n boodskap van God uitgaan wat aan die wêreld verkondig: Eerbiedig God, want die tyd het aangebreek dat mense ‘n regte oordeel oor God moet maak – om die Ontwerper, Skepper, Hom wat die hemel, aarde, seë en waterfonteine gemaak het, te aanbid (sien Op. 14: 7).

Die Drie Engeleboodskap is spesifiek ontwerp om mense se denke van die oorheersende diktator-god met sy vals, opgelegde Romeinse reg-konstruksie weg te keer, terug na ons Skeppergod, wie se wette gebou is op die ontwerpprotokolle waarop lewe berus. Diegene wat die waarheid oor God en sy ontwerpwet aanvaar, verstaan hul behoefte aan genesing en transformasie, en hulle werk saam met Jesus in sy werk om die heilgdom – hulle siele – te reinig, sodat hulle bereid sal wees om Hom van aangesig tot aangesig te ontmoet.

Terwyl diegene wat die waarheid oor God en sy ontwerpwet verwerp, die leuen van die klein horinkie laat voortbestaan en die ondersoekende oordeelkonsep deur wettige lense leer, en daardeur die kerk ondermyn en die finale genesende boodskap belemmer.

Daniel 8:14 spesifiseer slegs die beginpunt van die reinigingswerk. Die ander tekste hierbo na verwys (GS 486.2), beskryf die werklike gebeure wat plaasvind. Let op hoe Maleagi beskryf wat gedurende hierdie tyd gebeur. Hier is hoe EGW dit verduidelik:

“Die profeet sê: “Maar wie kan die dag van Sy koms verdra? En wie sal stand hou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die seep van die wassers. En Hy sal sit: ‘n smelter en reiniger van silwer, **en Hy sal die seuns van Levi reinig** en hulle louter soos goud en silwer, sodat hulle aan die Here in geregtigheid ‘n offer sal bring.” Mal. 3: 2, 3. **Diegene wat op die aarde lewe wanneer Christus nie meer as voorspraak optree in die hemelse heiligdom daarbo nie, sal voor ‘n heilige God moet staan sonder ‘n middelaar. Hulle klere moet vlekkeloos wees, en hulle karakters gereinig van sonde deur die besprinkeling van die bloed. Deur die genade van God en deur hulle eie ywerige pogings, moet hulle oorwinnaars wees in die stryd teen die sonde. Terwyl die ondersoekende oordeel in die hemel aan die gang is, terwyl die sondes van boetvaardige gelowiges uit die heiligdom verwyder word, moet daar onder Gods volk ‘n spesiale werk van reiniging wees en ‘n versaking van die sonde.** Hierdie werk word duideliker voorgestel in die boodskappe van Openbaring 14. **Wanneer hierdie werk afgedaan is, sal die navolgers van Christus gereed wees vir Sy koms.**” (GS 485.1)

Die Versoening

Let op dat EGW, in die konteks van die beskrywing van die ondersoekende oordeel en die *reiniging van die heiligdom*, die aksie wat tydens hierdie gebeurtenis plaasvind, definieer as die reiniging van die Leviete, wat die genesing van God se volk simboliseer, sodat hulle / ons gereed sal wees om Hom te ontmoet wanneer Hy kom! Dit is dieselfde proses soos beskryf in die KE 157.2 wat vroeër aangehaal is. Maar is die reiniging van die harte en gedagtes van die lewendes (sien KE 157.2, GS 485.2 hierbo) ook op die oorledenes van toepassing? Ja! En dit word beskryf as die *verwydering van sondes uit die heiligdom*:

“Die aandag van almal wat hierdie boodskap aanneem, word gevestig op die **allerheiligste plek waar Jesus voor die ark staan om finaal in te tree vir almal vir wie daar nog genade is**, en vir diegene wat die wet van God onwetend gebreek het. **Hierdie versoening word gedoen vir die regverdige dode sowel as vir die regverdige lewendes.** Dit sluit in almal wat gesterf het in geloof in Christus, maar wat, omdat hulle nie die lig gehad het op Gods gebooe nie, onwetend gesondig het deur hulle te oortree.” (EG 254.1)

Die laaste voorbidding van Christus in die ondersoekende oordeel is om die individualiteite van sowel die dooies as die lewendes te versoen – om in die individualiteite van die dooies die dinge af te handel waarvan hulle nie lig ontvang het nie, maar graag sou wou verander het omdat hulle op Jesus *vertrou* het.

Die Vyf Wettiese Maagde

Hierdie versoening word geleer in ‘n ander gelykenis, wat dieselfde gebeurtenis beskryf – die gelykenis van die tien maagde. En wat het EGW oor hierdie gelykenis te sê?

“In die gelykenis het al tien maagde uitgegaan om die bruidegom te ontmoet. Almal het lampe gehad, **en daar was ‘n tyd lank geen verskil tussen hulle nie**. Dus, met die kerk wat net voor Christus se wederkoms leef, het almal kennis van die Skrif. **Almal het die boodskap van Christus se nabye Wederkoms gehoor en wag met vertroue dat Hy sal verskyn**. Maar soos in die gelykenis, so is dit nou. ‘n Tyd van wag gryp in; geloof word beproef; en as die geroep gehoor word: “Kyk, die Bruidegom kom; gaan uit Hom tegemoet,” is baie nie gereed nie. **Hulle het geen olie in hul lampe nie. Hulle is behoeftig aan die Heilige Gees.**” (COL 408.2)

“**Sonder die Gees van God is ‘n kennis van sy woord van geen nut nie**. Die teorie van waarheid, wat nie deur die Heilige Gees begelei word nie, **kan die siel nie aanspoor of die hart heilig nie**. ‘n Mens mag die opdragte en beloftes van die Bybel ken; maar tensy die Gees van God die waarheid tuisbring, **sal die karakter nie verander word nie**. Sonder die Heilige Gees se insig sal mense nie waarheid van dwaling kan onderskei nie, en hulle sal onder Satan se meesterlike versoekings val.” (COL 408.3)

“Die klas wat deur die dwase maagde aangebied word, is nie geveinsdes nie. Hulle het respek vir die waarheid, hulle is voorstanders van die waarheid, hulle voel aangetrokke tot diegene wat die waarheid glo; maar hulle het hul nie oorgegee aan die werking van die Heilige Gees nie. Hulle het nie op die Rots, Christus Jesus, geval en toegelaat dat hul ou geaardheid opgebreek word nie. Hierdie klas word ook deur hardvottige hoorders voorgestel. Hulle ontvang die woord geredelik, maar hulle versuim om die beginsels daarvan te verwerk. Die invloed daarvan is nie blywend nie. Die Gees werk op die mens se hart, volgens sy begeerte en toestemming, om in hom ‘n nuwe geaardheid te plant; maar die klas wat deur die dwase maagde verteenwoordig word, was tevrede met ‘n oppervlakkige werk. Hulle ken God nie. Hulle het nie sy karakter bestudeer nie; hulle het nie met Hom gemeenskap behou nie; daarom weet hulle nie hoe om te vertrou, hoe om te kyk en te leef nie. Hulle diens aan God ontaard in ‘n vorm. “En hulle kom na jou toe soos ‘n volk saamstroom en sit voor jou as my volk en hoor jou woorde, maar hulle doen dit nie; want hulle maak liefdesverklaring met hulle mond, maar hulle hart gaan agter hulle onregverdig wins aan.” Ezekiel 33:31. Die Apostel Paulus toon aan dat dit die spesiale karaktertrekke sal wees wat sal leef net voor Christus se wederkoms. Hy sê, “... dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom: want die mense sal liefhebbers van hulleself

wees, ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.” 2 Timoteus 3:1-5.” (COL 411.1)

Die dwase maagde het ‘n vorm van godsaligheid – hulle het die Woord van God, hulle het hul reëls, ‘n wettiese / straf / menslike godsdienst – maar hulle het nie ‘n hartsverandering ondergaan nie. Hulle het die ontwerpwet van God – sy beginsels – nie in hul karakter geïnternaliseer nie.

Die Laaste Groot Stryd

Die stryd tussen Christus en Satan was nog altyd ‘n stryd om harte en gedagtes, oor idees – die waarheid van God teenoor die leuens van Satan. En Satan se leuens was nog altyd oor God se wet. EGW verduidelik dit so:

“Die laaste groot botsing tussen waarheid en dwaalleer is slegs die finale worsteling in hierdie eeu-oue stryd aangaande die wet van God. Hierdie worsteling het ons nou begin – naamlik die stryd tussen die wette van mense en die gebooi van Jehova, tussen die godsdienst van die Bybel en die godsdienst van fabels en oorlewing.” (GS 657.2)

“Daar bestaan geen moontlikheid om die wet van Jehova te verswak of te versterk nie. Soos dit was, so is dit. Dit was altyd en sal altyd heilig, regverdig, goed, en volledig wees. Dit kan nie afgeskakel of gewysig word nie. Om dit te ‘eer’ of ‘te onteer’, is slegs die mense se woorde.” (PK 625.1)



“Die laaste grootste stryd tussen waarheid en valsheid sal tussen die wet van mense en Jehova se voorskrifte ontstaan. Ons betree nou daardie stryd – nie ‘n stryd tussen botsende kerke wat vir oppermag meeding nie, maar tussen die godsdienst van die Bybel en die godsdienst van fabel en tradisie.” (PK 625.2)

Watter soort wet kan nie verswak of versterk word nie, was altyd daar, en sal altyd daar wees? Niks anders nie as die ontwerp-wette waarop die werklikheid gebou is om te bestaan! Opgelegde reëls, soos wat mense opstel – wat afgedwing word – kan verander, opgedateer en gewysig word. Dit is slegs wanneer ons hierdie imperiale Romeinse leuen oor God se wet verwerp en terugkeer om ons Skepper te aanbid, dat ons ons eindtyd-werk kan voltooi en die reiniging wat God aanbied, kan ervaar.

Die Bloed Metafoer

Sommige kan vra: As dit so is, waarom dan ‘n metafoer van bloed gebruik, waar bloed die heiligdom op ‘n sekere punt besoedel (sien hieronder), en dit tog op ‘n ander punt skoonmaak? Omdat die metafoer nodig was om konsepte te kommunikeer buite die begrip van die mense op die tydstip wat dit gegee is - en tog getrou gebly het aan die werklikheid – en waarmee mense van alle tye kon konnekteer: Alle mense het bloed wat hul DNA bevat, en die DNA van elke persoon is uniek – ‘n unieke transkripsie van hulself – maar dit is gevul met baie gebreke. Die bloedmetafoer van die sondoffer simboliseer die oordrag van elke individualiteit na die hemel met al hul oorblywende gebreke (wat die besoedeling van die heiligdom beteken). EGW beskryf dit so:

“Dag na dag het die boetvaardige sondaar sy slagoffer na die ingang van die tabernakel gebring en deur sy hande op die slagoffer se kop te plaas, het hy sy sondes bely en het hy dus in beeld sy sondes oorgedra van homself op die onskuldige slagoffer. Daarna is die dier geslag. ... Die bloed, wat die verbeurde lewe van die sondaar voorstel, en wie se skuld op die slagoffer oorgedra is, is deur die priester in die Heilige plek ingeneem en voor die voorhangsel gesprinkel, waaragter die ark was wat die wet bevat het wat deur die sondaar oortree is.” (GS 476.1)

Hierbo, simbolies beskryf, is die individualiteite van almal wat op

Die laaste voorbidding van Christus in die ondersoekende oordeel is om die individualiteite van sowel die dooies as die lewendes te versoen.

God vertrou het, en veilig in die heiligdom in die hemel opgeneem is, maar tog bevat die rekords al hul oorblywende gebreke. Tydens die ondersoekende oordeel het diegene wat op Christus vertrou, sy ‘bloed’ / karakter / perfekte kode wat gebruik word as die sjabloon om alle oorblywende gebreke / korrupte kode daarin op te los en te genees. Hierdie bloed metafoer is briljant, omdat die DNA kode nie net vir ons fisiese liggame is nie, maar binne die DNA, kan herinneringe geberg word.* Die bloed simboliseer dus die unieke individualiteit van elke persoon!

Die Huidige Waarheid toegepas

My standpunt is dus: Daar is ‘n ware heiligdom in die hemel, waar die individualiteite van die gereddes *op die hemelse “bedieners”* gestoor word. Sedert 1844 open Christus die individuele rekeninge / opgeneemde datastelle van almal wat Hom vertrou het, en die verwydering van alle oorblywende spore van sonde wat oorgebly het toe hulle aan die slaap geraak het in die dood. Dit is sodat elkeen van die gereddes perfek en sondeloos sal wees wanneer hulle opstaan by die opstanding.

God se boodskap vir hierdie tyd is die boodskap van sy karakter van liefde en sy ontwerp-wet van liefde, insluitend Jesus se werk in sy hemelse tempel, om almal wat Hom vertrou voor te berei om vir die ewigheid in sy teenwoordigheid te wees. Jesus het die oorwinning op Golgota behaal; Hy het die middel tot sonde bewerk, en Hy is nou in die hemel en pas sy volmaaktheid toe op die harte, gedagtes en karakters van almal wat op Hom vertrou. Dit is alles in harmonie met sy karakter, metodes en ontwerpwet van liefde. Dit is nie ‘n wettige, geregtelike proses nie, maar ‘n definitiewe herstel van wat sonde aan ons gedoen het. ‘n Wettige, geregtelike proses kan nie ons beskadigde karakters regmaak nie.

Die SDA-kerk het ‘n sending om die boodskappe van die Drie Engele na die wêreld te neem – om mense voor te berei op Christus se wederkoms – en sentraal in die sending is die verwerping van Rome se imperiale siening van God se wet, en om mense terug te lei om Hom te aanbid wat die hemel, aarde en fontein van water gemaak het!

Ek nooi u uit om ons Ontwerper, Skepper en Verlosser te aanbid en aan Hom die eer te gee, deur sy karakter van liefde in u lewe te openbaar, want die uur in die geskiedenis van die mensdom het gekom om ‘n regte oordeel oor God te neem

4 Goldman, N.; Bertone, P.; Chen, S.; Dessimoz, C.; Leproust, E. M.; Sipos, B.; Birney, E. (2013). "Towards practical, high-capacity, low-maintenance information storage in synthesized DNA." Nature. 494 (7435): 77–80. doi:10.1038 / nature11875. PMC 3672958. PMID 23354052.

(om die Godsbeskouing van ‘n diktator met sy valse imperiale wetskonstruksie te verwerp), en Hom te aanbid wat die hemel, die aarde, die seë en die fonteine van water gemaak het.



ADDENDUM 1:

Die Klein Horinkie, God se Wet, en Hoe U Mislei is

Militêre strategie wat met die tyd getoets is, is *diversiteit*. Skep ‘n relletjie in een gebied, laat die vyand daarop fokus, en val dan aan uit hul blinde kol. Townaars, bedrieërs en vervalsers vertrou op wanvoorligting as die basis van hul bedrieglike kuns; laat u aandag op een aksie konsentreer, sodat u nie die regte bedoeling daarvan raaksien nie, en voordat u dit weet, kan u glo dat hulle mag of wysheid het, of dat dit die beste plek is om u geld te belê.

Ja, die grootste misleiers deur die geskiedenis het geleer dat dit belangrik is dat u verstand iets tasbaars omhels, iets konkreet het om verkeerd te vind, ‘n werklike gevaar om teen te waak. Dan, as u gedagtes gefokus is op die waarneembare probleem, slaan hul toe met hulle werklike aanval. Hulle weet dat as u glo dat u die ‘truuk’ geïdentifiseer het, die swendelary uitgepluis het of die ‘bedrog’ ontbloot het, sal u kwesbaar wees vir die regte benutting daarvan. Satan, die groot misleier in die heelal, gebruik hierdie strategie met byna volmaaktheid.

Vir jare was ek, soos ander Christene, gefop deur te glo dat ek die leuen van die duiwel oor God se wet ken, maar ek het onlangs ontdek dat ek net sy verkeerde leiding geïdentifiseer het. Wat van jou? Het u die werklike leuen van Satan ontdek, of is u bloot vasgevang in die afleiding van Satan, en gaan u dus voort om sy ware bedrog aan te neem?

Daniël 7:25 voorspel dat ‘n bose mag sou ontstaan en probeer om God se wet te ‘verander’. Protestantse Christene het histories verstaan dat hierdie verandering plaasgevind het toe ‘n godsdienstige mag die wet van die tien gebooe verander het deur die tweede gebod te verwyder (wat die maak en aanbid van beelde verbied); die tiende gebod in twee dele te verdeel (om die totale aantal gebooe op tien te hou, nadat nommer twee uitgevee is); en deur die sabbat van Saterdag na Sondag te verander. Dit is ongetwyfeld dat hierdie ‘veranderinge’ aan die Dekaloog ingestel is, en die organisasie wat die veranderinge aangebring het, wys met trots daarop as hul bewys van sy kerklike gesag op aarde. Elke student in die kerkgeskiedenis kan die historiese bewyse vir hierdie ‘verandering’

“Daar is ‘n ware heiligdom in die hemel, waar die individualiteite van die gereddes op die hemelse ‘bedieners’ gestoor word.



illustration by Louis Johnson

maklik dokumenteer. Maar hierdie veranderinge – openlike verandering aan die Dekaloog – is Satan se afleiding of meesterlike wanvoorstelling: Maak ‘n openlike, toegelate en goedgekeurde verandering in die wet, laat almal konsentreer op hierdie voor-die-handliggende modifikasie, argumenteer vir of daarteen, en besmet dan hul gedagtes met die werklike verandering wat hulle nooit eers opgelet het nie – diabolies briljant!

Wat is dus die werklike verandering aan God se wet – die verandering wat Christene amper universeel as waar aanvaar? Dat God se wette opgeleg is, wat op sy wesens geplaas word om hul lewens te regeer en hul gehoorsaamheid te toets, eerder as die waarheid dat God se wette ontwerpprotokolle is waarop die lewe gebou is om te funksioneer. Die mag van die klein horinkie het nie net twee gebooe verander nie; dit het die manier waarop ons die aard van die wet self verstaan, verander!

Neem ‘n oomblik en beantwoord die vraag: Op watter soort wet het God die werklikheid gebou: *opgelegdewet of ontwerpwet*? Het God se liefdeswet ‘n beginpunt toe God dit uitgevoer het, of is dit ‘n uitbreiding van God se karakter en is dit ewig? Is God se wet soos menslike wette wat deur die regering opgestel is en deur die regering afgedwing word? Of is dit alles God se wette – die wette van gesondheid, die wette van die fisika en die morele wette – die wette waarop die groot Skepper die heelal gebou het om op te werk en wat dien vir die gesondheid en welsyn van sy skepping, en dus ‘n uitdrukking is van Sy hoogste wet van liefde?

Dit maak net sin dat toe die God wat liefde is, *geskep* het, Hy alles opgerig, gebou en ontwerp het om in harmonie met sy eie aard en karakter van liefde te werk, want dit is deur Hom wat alle dinge in stand gehou word (sien Kol 1:17). Dit is presies wat Goddelike ingewing onthul:

“Liefde doen sy naaste geen skade aan nie; daarom is **liefde die vervulling van die wet.**” (Rom 13:10; sien ook Gal 5:14; Jak 2:8; Spr 12:28; Spr 21:21; Ps 19:8)

“**Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart** en met jou hele siel en met jou hele verstand.’ Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ **Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete.**” (Mat 22:37-40)

Hierdie liefde is nie net emosioneel nie, maar ook funksioneel – ‘n beginsel waarop die lewe gebou is om te funksioneer. Paulus beskryf dit so: “[Liefde] soek nie sy eie belang nie.” (1Kor 13:5)

